



Towerlantern Fotografie
fotografienuus
februarie 2020

"Wat sien jy?"
Lensopening f11; Sluiterspoed 3/10 sekonde; Fokale lengte 140 mm

Die titel van ons voorbladfoto is nie bedoel om grappig te wees nie; eerder om effens ernstig te wees. Wat ons hier sien is 'n voorbeeld van abstrakte fotografie – en een eienskap van abstrakte fotografie is juis dat 'n toneel nie onmiddellik identifiseerbaar moet wees nie. Lees verderaan meer oor hierdie besondere fotogenre. Benut ook die wenke wat ons hieroor gee.

Die jaar is goed op dreef – en ons hoop so ook jou fotografie. As dit nie so is nie, lees verder, ons gee idees waarmee jy jou fotografie warm kan hou.

Maak ook seker dat jy ons bespreking oor foto-illusies lees en gaan kyk baie beslis na die webverwysings.

Johan

Redakteur: Johan de Klerk

Bladuitleg: Fransa Vorster van [Colourcode Designs](#)

Wil jy graag 'n bydræ lewer tot Towerlantern se nuusbrieff?

Kontak ons gerus vir meer inligting hieroor!

Towerlantern behou die reg voor om sekere artikels / foto's nie te plaas nie. Menings uitgespreek in artikels is dié van die skrywers, en nie van Towerlantern self nie.

Ons ontvang ook advertensies, doen gerus navraag.

— voorbladfoto

Die foto-inligting by die voorbladfoto spreek vanself en kan baie wyd varieer. Om abstrakte foto's te neem is relatief eenvoudig. Die probleem kom eerder daarby om die regte toneel te vind. Probeer altyd om die onderwerp op een of ander manier los te maak van die werklikheid. As jy eers op dreef kom, sal jy sien die moontlikhede is eindeloos, soos by ons aandtoneel.

Enkele voorbeelde van onderwerpe wat geskik is vir abstrakte foto's, is boombasse, wrakstukke en ou plaaswerktuie. Soos jy algaande die vermoë ontwikkel om foto's rondom jou raak te sien, sal jy ook deur oefening die vermoë ontwikkel om abstrakte tonele rondom jou raak te sien.

Om prakties te wees: Onthou vir abstrakte foto's is die uitgangspunte deurgaans kleur, vorm, tekstuur en lig. Oefen jouself dus voortdurend in om hierdie sake rondom jou raak te sien.

Google ook *abstract photography* vir prente en idees.

TONEELOPSTELLING VIR *abstrakte* FOTOGRAFIE

Vir 'n goëie abstrakte foto is dit noodsaaklik om vooraf aandag te gee aan die volgende sake:

Beplanning Dink by 'n abstrakte foto aan die volgende:

- ✓ 'n skilder met buisies verf – en lê klem op kleur;
- ✓ 'n beeldhouer met beitel en hamer – en benadruk vorm;
- ✓ 'n versierder met skuurpapier en poleerlap – en kry tekstuur;
- ✓ 'n vuurgoëlaar met flitsligte en vuurwerke – en speel met lig.

Samestelling Laat jou leuse wees: eenvoud eerder as oorvloed. Kyk na sake soos balans, atmosfeer, en weereens beligting en kleur.

Fotosessie Moenie tevrede wees met net een of twee foto's nie. Varieer sake soos balans, atmosfeer, beligting en kleur.

Driepoot Gebruik altyd 'n driepoot vir abstrakte fotografie, soos by die voorbladfoto.

RIGLYNE VIR ABSTRAKTE FOTOGRAFIE

Aanvaar die volgende: Die abstrakte toneel is voor jou, die kamera is op 'n driepoot, die komposisie is ongeveer reg en 'n rowwe fokussing is reeds gedoen. Volg die onderstaande voorskrifte.

Tipe lens Vul die foto so goed as moontlik.

Eksperimenteer self met die regte lens(e) en varieer die keuses.

Portret- of landskapformaat Kies volgens behoefte.

ISO Stel die ISO laag, byvoorbeeld 100-200.

Witbalans Stel die witbalans (vir natuurlike of kunsmatige lig) volgens die ligomstandighede.

Keuse van fokuspunt en rowwe fokussing Besluit besluit op 'n fokuspunt wat ook die trefpunt van die abstrakte foto is.

Lensopening Kies 'n middelgrootte lensopening vir die toneel maar varieer dit ook.


Sluiterspoed Verstel die sluiterspoed met behulp van die liniaal vir die korrekte beligting. Onderbelig indien nodig.

Fyn fokussing Maak gebruik van die LCD-skerm en sorg vir 'n absolute skerp fokussing van die fokuspunt.

6 Wenke vir abstrakte foto's

1 Gebruik soms jou kamera se beeldvinder en/of LCD-skerm om 'n abstrakte toneel te vind.


2 Besoek 'n plaas- of skrootwerf en kyk uit vir foto's; soek veral onderwerpe met interessante kleure en/of vorms.



3 Oorweeg die moontlikheid om met die fokusing die toneel effens te ontfokus. Dit gee dalk net 'n interessante en kreatiewe foto.

4 Krap in 'n kombuis- of naaldwerklaai rond en soek na abstrakte moontlikhede.

5 Skep 'n kunsreeks abstrakte foto's. Gebruik enige hulpmiddel, byvoorbeeld 'n spuitkannetjie met water vir versadiging.



6 Soek gedeeltes van blomme, sade of ander droë plantmateriaal in die veld of op verwaarloosde sypaadjies.

KOMENDE KURSUSSE

As jy reeds ons eerstevlakkursus afgehandel het (of tans daarmee besig is) kan jy inskryf vir ons **gevorderdevlakkursus**. Die begindatum is 19 Februarie 2020.

As jy alreeds ons **gevorderdevlakkursus** gedoen het (of tans daarmee besig is) kan jy inskryf vir ons spesialiskursus. Die begindatum is 18 Maart 2020.

As jy ver van Potchefstroom bly is die **aanlynkursusse** op eerste- en gevorderde vlak altyd beskikbaar. Ons hoop om binnekort ook die spesialiskursus "op die lug" te hê.

Doen navraag in verband met enige van hierdie kursusse.

Foto-illusie

Ons het verlede maand gesels oor Adelson se illusie. As jy meer oor illusies begin nalees, besef jy baie gou dat daar geensins so iets is as 'n beweging in foto's nie – of dit nou 'n video-clip, TV-uitsending of 'n grootskermfiek is.

Alle beweging in prente word geskep deur illusie. Om dit goed te verstaan is dit die beste om te dink aan 'n outydse rolfilm-kamera waar daar 'n groot aantal aparte fototjies geneem word. In 'n fiek word die illusie van beweging dan geskep deur 'n reeks opvolgende stil foto's te vertoon wat elkeen minimaal verskil van die vorige.

Natuurlik kan jy as fotograaf met 'n langer sluiterspoe-dstelling op jou kamera wel ook "beweging" in 'n enkele foto vertoon. Maar eintlik is dit ook maar net 'n illusie.

Daar bestaan 'n groot studieveld oor die illusie van beweging. Wees bly daarvoor, want hoe sou 'n fiek en TV daarsonder kon werk? Lees meer by https://en.wikipedia.org/wiki/Illusory_motion.

En vir nog vermaak, gaan kyk by <https://slate.com/technology/2013/12/optical-illusion-motion-using-vertical-slits.html>



Fotos

van fotografievriende

Towerlantern is bevoorreg om baie ervare fotografievriende te hê. Let op na die woord "vriende" wat hier gebruik word, en nie "studente" nie. Almal is vriende en dit is vir ons baie besonders.

Sommige van hierdie vriende was gedurende 2019 deel van die groep wat ons Spesialiskursus bygewoon en afgehandel het. Ons plaas hier een foto elk van hul vertoonstukke wat onlangs by 'n geselligheid bespreek is. Geniet dit saam met hulle – en doen navraag as jy wonder oor die tegniek.



▲ Alandi van Niekerk



▲ Annie Dupper

Towerlantern Fotografie
- februarie 2020 -

Fotos

van fotografievriende



▲ Danie Coetzee



▲ Clarine Roscher

◀ Cobus Conradie


Towerlantern Fotografie
- februarie 2020 -




◀ Dorette Cilliers

Fotos

van fotografievriende




▲ Engela van der Walt



◀ Eddie Vorster

Towerlantern Fotografie
- februarie 2020 -



◀ Ilani Loubser

Fotos

van fotografievriende



▲ Lounell White




◀ Mariki van Niekerk

Towerlantern Fotografie
- februarie 2020 -

Fotos

van fotografievriende



▲ Lallie Campher

▶ Manie Krause



▲ Peet Ryke



▲ Tanya Reeder

Towerlantern Fotografie
- februarie 2020 -

WEES IN DIE KALKLIG

Gedurende die aand van 3 Oktober 1836 is daar in Kent, Engeland, vir die eerste keer gebruik gemaak van 'n sogenoemde kalklig om 'n kulkunstenaar, Ching Lau Lauro, tydens sy vertoning te belig. Die advertensiebiljet het dit koniafostiese lig genoem, en gespog dat "the whole pier is overwhelmed with a flood of beautiful white light". Die volgende jaar is dit binnenshuis vir die eerste keer gebruik.

Gedurende die 1860's en 1870's is kalklig algemeen in Engeland gebruik. Natuurlik is dit later deur elektriese verhoogligte vervang, maar die term, "iemand is in die kalklig", het gebly, tot in ons tyd. Lees meer hieroor by <https://en.wikipedia.org/wiki/Limelight>



Ligbronne

Alle mense, maar in besonder fotografe, is ingestel op lig en weet watter groot rol lig in ons lewens speel.

Lees by https://en.wikipedia.org/wiki/List_of_light_sources meer oor die groot verskeidenheid kunsmatige en natuurlike ligbronne. Die Ysland-vulkaan in die foto is een so 'n voorbeeld.



Gaan ook vir die interessantheid na die webwerf <https://www.extremeiceland.is/en/travel-guide/eruptions-in-iceland-since-1900> om meer te wete te kom oor Ysland se vulkane.

Ons lees onder andere die volgende daar:

Iceland has more volcanic activity than anywhere else on Earth. The Atlantic Ocean ridge lies through Iceland and the island is a proclaimed hot spot for there is a constant flow from mantle to surface of molten magma in Iceland. One third of all material that comes from volcanic activities on Earth are generated in Icelandic eruptions. Although Iceland is a small country and the volcanic activity zone is even smaller, 33% of all of Earth's lava flows, flow through Icelandic volcanic systems.

waardering
van

lesers

'n Jarelange vriendin, Anna Coetsee, skryf die volgende (en baie dankie daarvoor):

Om "iets" hier aan die begin van 2020 te sê, dink ek die volgende:

Jy slaag definitief met jou bedoeling om die komposisies te laat "praat"! Ek ervaar nogal heelwat gevoelens as ek daarna kyk. Dit wissel van deernis, entoëusiasme, verrassing, inspirasie en bewustheid van die pragtige SKEPPING ... ja verwondering daaroor.

Mens waardeer nie altyd die detail in die natuur om jou nie. Die kunsfoto's beklemtoon daardie "mooie" vir my.

Dankie vir die kreatiewe talent wat met jou lesers en fotografiestudente gedeel word.

Laaste werke
vir abstrakte foto's


1

Een baie besondere spesiale geval van abstrakte fotografie is abstrakte kleurfotografie. In hierdie geval is kleur – en niks anders nie – die saak. Probeer dit gerus. Die foto's hierby wys die idee.



2

Moenie dat jou visuele waarneming jou fotografie beïnvloed nie – dink wyd oor fotografie in die besonder abstrakte fotografie.



Towerlantern Fotografie
- februarie 2020 -